## HOOFSTUK 4

## 4 Die Aktivistebeweging

### 4.1 Algemene karakterisering

#### 4.1.1 Voorgeskiedenis

Gedurende die sestigerjare het daar in die V.S.A. 'n studentebeweging ontstaan van linkse oriëntasie wat met groot dinamiek, sterk doelge= rigtheid en uiteindelik selfs desperate geweld hom wou laat geld. Soos baie goed bekend, het hierdie beweging aanvanklik as 'n positie= we reaksie en ondersteuning van Negerstudente in die Suidelike state van Amerika begin om die versperringe van wetlike segregasie ten opsigte van openbare fasiliteite te deurbreek. Daar het massas blanke studente uit die ander state, ook en veral uit die verre noor= delike state, toegestroom om by wyse van vreedsame demonstrasies en ander nie-gewelddadige aktiwiteite hulle simpatie met die Negers te betuig. Hierdie aktiwiteite in die Suide was miskien die stimulus en in elk geval die skool vir die metodiek in studentekonfrontasie.

Die doelstellings, die opset, die omvang en die dinamiek het daarna van tyd tot tyd baie verander maar die aktiviste onder die studente was aan die beweeg. Die studenteopstand in Berkeley in 1964, wat bekend staan as die „Free Speech Movement", het die sneeubal ver= der aan die rol gesit. Die studente van Berkeley, onder aanvoering van die momentele leier, Mario Savio, het hulle op die universiteit as instelling gewerp en so effektief as moontlik die masjinerie daar= van tot stilstand probeer bring.

Die georganiseerde linkse studentebeweging kan, wat sy oorsprong betref, tot die stigting van die „Student Non-Violent Co-ordinating Committee" (SNCC) herlei word. In Oktober 1960 het Ella Baker die leiers van die verskillende sogenaamde „sit-ins" van die Suide bymekaar gebring. Meeste van hierdie vroeëre SNCC-aktiviste, Negers sowel as blankes, was van Suidelike middelklas agtergrond. Hulle het 'n religieuse toewyding gehad vir ideale soos nie-geweld, liefde en vrede en het skepties gestaan teenoor formele organisasies en leierskap. Hiernaas het hulle taktiek direkte konfrontasie soos „sit-ins", „freedom rides", ens. beklemtoon. Allengs het die or=ganiseerders van SNCC vertroue begin verloor in die blanke onder=steuners sodat dit meer en meer die ideaal en praktyk nagestreef het dat Negers hulle eie sake moet behartig. Teen 1966 toe Stokely Carmichael voorsitter geword het, was die SNCC gekenmerk deur die motiewe en metodes van frustrasie en wanhoop.

### 4.1.2 „Students for Democratic Society"

Die SDS het ook vorm aangeneem na die aanvanklike „sit-ins". 'n Klein groepie studente-intellektueles, hoofsaaklik van die universiteit van Michigan, het met die „League for Industrial Democracy" (LID) bande aangeknoop, wat daarop uit was om die sterwende studentesek=tor van die organisasie te rekonstrueer. Groepe is op elf kampusse georganiseer en Tom Hayden het die SDS manifesto, die „Port Huron Statement" opgetrek. In Junie 1962 is die SDS offisieel te Port Huron, Michigan gestig. Hoewel hierdie verklaring nie die offisiële beleid van die SDS gebly het nie, het dit tot aan die einde van

die beweging, toe dit in 1969 ontbind is, uiters invloedryk gebly.[1]

Na 'n jaar van organisering van takke op verskillende kampusse het die SDS in Noordelike stedelike ghettos, beide nie-blank en blank, so=genaamde gemeenskapsdiens verrig.

Die akademiese jaar 1963-64 was gekenmerk deur die Sivielereg-beweging in die San Francisco area. Die „Committee on Racial Equality" (CORE) van Berkeley het 'n kampanje geloods vir gelyke werksgeleenthede vir nie-blankes. Hieraan het studente aktief mee=gewerk deur verskillende betogings in die stad by wyse van „picket=ing, sit-ins and shop-ins". In herfs 1964 het die Berkeley-opstand plaasgevind soos vroeër vermeld, hoofsaaklik onder leiding van die „civil right"-beweging. Hierdie Berkeley-gebeurtenis het aan die SDS 'n ontsaglike stimulus verleen, en dit het daarna dwarsdeur die land studente georganiseer, terwyl die hoofstrydpunte die Viëtnam-oorlog, verpligte militêre diens en studentemag was. In April 1965 het die SDS mense in Washington DC saamgebring in die eerste massaprotes teen die oorlog.[2] Die organisasie het vir die volgen=de vier jaar daarin geslaag om die uiterste linkse radikaliste in sy

1) Cohen, Mitchell and Hale, Dennis., eds. The New Student Left: An anthology. Boston, Beacon Press, 1966, pp. 9-16. 'n Gedetailleerde geskiedenis van die SDS kan gevind word in O'Brien, James. A history of the New Left, 1960 - 1968. Boston, New England Free Press, 1969.

2) Peterson, Richard E. The Student Left in American Higher Education, op. cit., pp. 316, 317. Cf. Miles, Michael W. The radical probe, The logic of student rebellion. New York, Atheneum, 1971, pp. 88 - 90.

geledere saam te voeg en het so die kern bly vorm van die „New Left"-beweging.

Die SDS het gedurende sy kort leeftyd tot 1969, toe dit ontbind het, verskillende fases deurgemaak. Na 1965 se opmars in Washington, 'n demonstrasie wat die beweging geweldige momentum gegee het, het dit voor verskeie alternatiewe te staan gekom. Dit kon byvoorbeeld meer op die terrein van die nasionale politiek bly voortbeweeg het en grootskaalse nasionale proteste soos dié in Washington rondom die anti-oorlogstrydpunt en met groter belangstelling in die praktiese landspolitiek met ondersteuning van die swart beweging bly loods het. Dit sou neerkom op 'n verwaarlosing van plaaslike, meer universitêr-georiënteerde, optrede.

Verskillende faktore het egter meegewerk om die aandag meer op die universiteite te rig. Daar was naamlik reeds teleurstelling by die SDS in hulle deelname aan die 1964 eleksie toe hulle tot op 'n sekere hoogte L. B. Johnson ondersteun het sodat hulle enige bondge=nootskap met die Demokratiese Party as futiel beskou het. Intussen het die „Black Power" organisasie tot selfstandigheid ontwikkel en hul eie potjie begin krap. Die SDS het dus vanaf die helfte van 1965 sy volle aandag begin bestee aan strydpunte binne die universi=teit en in alle erns 'n kampusgebonde, egte studentebeweging probeer uitbou. Dit het op die kampusse wel nog op die onvergenoegdheid en misnoeë aangaande die oorlog in Viëtnam en die deelname van die universiteit aan die „Selective Service" programme van die mili=têre owerheid klem laat val, maar dit is verbind met allerlei binne-universitêre strydpunte. Daar het dus ten opsigte van die SDS-

strategie 'n sintese tussen radikale buite- en binne-universitêre stryd=punte gekom en wat die modus operandi betref, was dit op die kampus self gefokus. Die hele kampanje rondom die tema „student power" het op hierdie wyse sy beslag gekry. In die proses het sogenaamde studentesindikalisme en institusionele weerstand mekaar afgewissel. Daar kon ook gedurende hierdie tydperk, d.w.s. vanaf 1965 tot 1968 die grootste „suksesse" vir die beweging geboekstaaf word. Onder=steuning is ondervind van die kant van verskeie liberale elemente op die kampusse en selfs het daar in sommige gevalle 'n soort van los koalisie met die swartes bly voortbestaan.[3)]

Insiggewend is in dié verband die met emosie gevulde pamflet van die SDS aan die begin van 1967, opgestel deur Carl Davidson. Uni=versitêre hervorming ontvang daarin groot aksent en ten opsigte daarvan word revolusionêre optrede bepleit soos o.a. uit die volgende paragraaf blyk: „The second kind of partial reform worth fighting for and possibly winning is abolition of on-campus repressive mechan=isms, i.e., student courts, disciplinary tribunals, deans of men and women, campus police, and the use of civil police on campus. While it is true that 'abolition' is a negative reform, and while we will be criticized for not offering 'constructive' criticisms, we should reply that the only constructive way to deal with an inherently destruct=ive apparatus is to destroy it. We must curtail the ability of ad=ministrators to repress our need to refuse their way of life - the regimentation and bureaucratization of existence."[4)]

3) Wallerstein and Starr, op. cit., II, pp. 94, 95.

4) Davidson, Carl. The multiversity: Crucible of the new working class. (In Wallerstein and Starr, op. cit., p. 114.)

Vanaf die lente van 1968 toe die Columbia-opstand plaasgevind het, het daar in die SDS weer 'n koerswending gekom. Die strewe om 'n suiwer studentebeweging uit te bou, het getaan. Hoewel dit nog proteste op verskeie kampusse georganiseer het, het die beweging homself meer en meer as die kern van 'n egte revolusionêre aksie=front begin beskou. Binne die SDS het die belangrikste diskussies gegaan oor sy verhouding tot die werkende klas, die swartes en die jeug in die algemeen. Die grootste inspirasie tot hierdie koerswy=siging is waarskynlik uit die skynbare suksesse van die Franse stu=dente om die werkende klas in hulle revolusionêre pogings te mobili=seer, geput. Soos wat die SDS van die kampus af wegbeweeg het, het dit getrag om studenteprotes met 'n sosiale revolusie te koppel deur middel van die teorie van eksemplariese aksie. Volgens dié teorie sou studente dan ander groepe in die samelewing aan die gang sit om rondom hulle eie belange aksie te neem. Daar is veral ge=hoop dat die werkende klas in die V.S.A. ook die Franse voorbeeld sou volg.[5] Mark Rudd was in hierdie tyd die held en leier en sy vurige oproep voor die Columbia-afdeling van die SDS in September 1968, 'n oproep wat sterk Marcusiaans ingeklee is, gee 'n duidelike beeld van die ommeswaai in denke en doen van die SDS in die alge=meen.[6]

5) Cf. Wallerstein and Starr, op. cit., p.96.

6) Rudd, Mark. What is to be done? (In Wallerstein and Starr, op. cit., II, pp.201-205.)

Hoewel skerp, beskryf Sydney Hook in April 1969 die SDS suiwer as hy dit 'n openlik sosiaal-revolusionêre organisasie noem wat homself nie aan opvoedkundige reformasie toegewy het nie, maar aan die stra= tegie van politisering van die universiteit deur die taktiek van fisiese gewelddadige konfrontasies. Sy werkstema kon ook gewees het: „hoe bloediger die konfrontasie, hoe beter vir ons doel en hoe sleg= ter vir die ‚Establishment' ". Die lede van die SDS is ideologies verward, maar hulle verteenwoordig 'n harde, fanatiese kern van hoogs gepolitiseerde individue in studenteliggame wat uiters vaardig is in die kuns om konflikte en ontwrigting te loods deur agitasie en manipulasie van massa-organisasies. Hulle en hulle ondersteuners onder die „New Left", insluitende fakulteitslede, sou moeilik in be= dwang gehou kon word deur die universiteitsowerhede.[7] Die SDS het in 1969 gedisintegreer in 'n hele aantal fraksies waarvan nie een noemenswaardige invloed onder die studente bekom het nie.

Die verskuiwing van aksent binne die SDS van 'n suiwer studente= beweging tot 'n beweging wat hom op die werkende klas toegespits het, kan as 'n belangrike aanleidende oorsaak van sy verbrokkeling bestempel word. Die stigting van 'n nuwe beweging met die naam

7) Hook, Sidney. Violence and responsibility in the academy. (In Brickman, William W. and Lehrer, Stanley. Conflict and change on the campus. The response to student hyper= activism. New York, School and Society Books, 1970, p. 286.)

van „Revolutionary Youth Movement" (RYM) het onmiddellik weerstand opgewek. Die sogenaamde „Worker-Student Alliance" (WSA), wat on=dersteun is deur die Progressiewe Arbeidersparty, het ook binne die SDS ontstaan en tydens 'n oproerige byeenkoms te Chicago in Julie 1969 het die twee seksies verbitterd uitmekaar gespat. Elke seksie het aanspraak gemaak op egte voortsetting van die SDS. Kort daar=na het RYM nog verder verbrokkel in RYM I (beter bekend as „Weatherman") en RYM II. Ook die vroeëre amptelike blad van die SDS, nl. „The Guardian", het in twee afsonderlike, konkurrerende nuus=blaaie verdeel. Die Weatherman-groep het onomwonde in die rigting van blatante kommunisme beweeg terwyl die ander seksies steeds met die strydpunte van Viëtnam-oorlog en demokratiese regte probeer opereer het. Feit is dat geeneen van die splintergroepe, en dit geld vir RYM I, RYM II en WSA, enige momentum na die ver=krummeling van die SDS kon ontvang nie.[8] Insiggewend, eerlik maar soms pateties, is in dié verband die artikel van Carl Oglesby, 'n

8) Wallerstein and Starr, op. cit., II, pp. 257 - 259.
Cf. Keniston, Kenneth. What's bugging the students? (In Nichols, David C. Perspectives on campus tensions. Washington, American Council on Education, 1970, p. 63.)

vroeëre president van die SDS.[9)]

### 4.1.3 „The New Left"

Hoewel die SDS, soos reeds gestel, die kern van die links-radikale beweging gevorm het, kan dit nie as sinoniem met die sogenaamde „New Left" beskou word nie. Die „New Left" moet eerder gesien word as al die linkse organisasies en persone wat ondanks onderlinge verskille tog sekere gemeenskaplike karakteristieke vertoon en daar=

9) Oglesby, Carl. Notes on a decade ready for the dustbin. Liberation, August-September, 1969. (In Wallerstein and Starr, op. cit., II, pp. 300-319.)
Daniel Bell gee by wyse van 'n terugblik 'n duidelike omskry= wing van die transformasie wat die SDS ondergaan het in die volgende woorde: „The SDS organizational form has been trans= formed from its early open, spontaneous emphasis on partici= patory democracy to a closed, manipulative cadre form of organ= ization, ready to use deceit and violence in order to gain its ends.

„This trajectory change is a product, in part, of being a harassed and hunted minority; more to the point, it is inherent in the political logic of a group that has become more determinedly re= volutionary and finds that its older, anarchist mode is inadequate to its new aims.

„The SDS picture is further complicated by a split in the organ= ization that has now produced three groups claiming the use of the name."

Bell, Daniel. Quo Warranto? - Notes on the governance of universities in the 1970's. (In Graubard, Stephen R. and Ballotti, Gena A. ed. The embattled university. New York, George Braziller, 1970, pp. 236, 237.

Cf. Kelman, Steven, op. cit., p. 123.

om oor een noemer gebring kan word. Lothstein[10] karakteriseer die „New Left" kernagtig deur die volgende punte te beklemtoon:

* Die groot meerderheid van die „New Left" is studente, hoof= saaklik blanke studente uit die middelklas.

* Die „New Left" is 'n radikale politieke beweging. Dit is nie gediend daarmee om maar net 'n parlementêre opposisie te wees nie. Dit geld as 'n uitdaging van gevestigde belange, verskanste institutsies, en oorheersende lewenstyle wat aan ontwikkelde kapitalistiese lande eie is. Dit is 'n beweging in die sin van 'n voortgaande ontwikkelende massaverskynsel.

* Die „New Left" is nie 'n nasionale politieke verskynsel nie en ook nog nie 'n algehele wêreldwye politieke verskynsel nie.

* Die „New Left" is 'n anti-outoritêre beweging. Hy staan daarom in opposisie teen die institusionele outoritêrianisme van die neo-kapitalistiese lande.

* Die „New Left" is anti-rassisties en anti-imperialisties.

* Die „New Left" is utopies in sy lewende reaksie teen en nega= sie van die bestaande sosiale werklikheid.

10) Lothstein, Arthur. ed. „All we are saying". The philosophy of the New Left. New York, Capricorn Books, 1970, pp. 12 - 23. Cf. Cohen, Mitchell and Hale, Dennis. ed. The New Student Left, an Anthology. Boston, Beacon Press, 1966, vir 'n deeg= like analise van die „New Left".

* Die „New Left" is anti-manlik, chauvinisties. Dit ondersteun dus die vroulike vryheidsbeweging.

Nathan Glazer in sy boek, „Remembering the answers", tref in die inleidingswoord 'n vergelyking tussen die „Old Left" waartoe hy hom= self ook gereken het, en die „New Left". Hieruit blyk dit duidelik dat die radikalisme van die „New Left" hand oor hand toegeneem het: „It was impossible for many of us to accept the easy and frequent equations between the United States and Nazi Germany, Johnson and Hitler. At first, one signed ads against the Vietnam War. Later the ads became fiercer: they not only called for ending the war, getting out, they accused the country's leaders of the same crimes for which Germany had been condemned at Nuremberg. Then people took their stand, and divided, and it sometimes seemed as if one of the key factors determining the division was a capacity for hatred. Did you hate Johnson enough - Rust, Rostow, the police, the South Vietnamese leaders? Did you hate the Southerners enough, or the northern white workers, or the Jewish School teachers of New York? It was not pleasant, and it is not pleasant now."[11)]

### 4.1.4 Doelstellings van beweging

Die radikale politieke optrede van die aktiviste het allengs verloop

11) Glazer, Nathan. Remembering the answers, Essays on the American student revolt. New York, Basic Books Inc., 1970, pp.10, 11.

in 'n totale politisering van die universiteit ten opsigte van sy be= staan en funksionering. Allerweë is die universiteit daarvan beskul= dig dat dit gemene saak maak met die „vyand", die regering, wat die skuld moes dra van ongeregverdigde voortsetting van die oorlog in Viëtnam, van rassediskriminasie en -segregasie en van die sukkel= bestaan van honderdduisende Amerikaners wat onder die broodlyn lewe.

In die universiteit self het die ontevredenheid van die aktiviste verder gestrek as net die uiting van studente-entoesiasme of 'n opeising van die reg tot vrye spraak en politieke aktiwiteit op die kampus of selfs die aandrang tot diskonneksie van die universiteit met die regering. Daar was naamlik 'n passie in hulle optrede wat onmiddellike aksie geëis het, 'n passie tot konfrontasie, tot vernedering van die opposi= sie en tot vernietiging van outoriteit.[12)]

Die radikale studenteorganisasie, SDS, het homself altyd as die agent vir 'n politieke en sosiale verandering gesien. Daar het 'n drastiese kritiek teen die bestaande sosiale orde in die geledere van die organisasie opgestyg. Soos geblyk het uit die kort uiteensetting van die SDS en sy optrede op die Amerikaanse kampusse, het die doelstellings van die Beweging allengs verander. Daar het onge= twyfeld aksentverskuiwings in die doelstellings daarvan gekom. Een saak staan egter vas en dit is dat die SDS van die staanspoor af be= oog het om as 'n nuwe radikale studentebeweging die algemeen gang=

12) Ibid., p.13.

bare politieke en sosiale patroon van die land te verander. Hoewel daar ook interesse was in studente-aangeleenthede en hoewel die uni= versiteit male sonder tal die voorwerp van hul spervuur was, was die eintlike en grootste doel van die Beweging tog om die sosiale struktuur te verander. Met hierdie doel voor oë het die SDS 'n verlewendiging van die demokratiese proses in Amerika vir homself gevisualiseer. Die universiteite moes in sentra van kontrovers en arenas van dialektiese debat omskep word. Nuwe alternatiewe moes gesoek en gepropageer word terwyl die ou strukture, bestaande pa= trone, ingeburgerde politieke en sosiale optrede, selfs geykte waarde= sisteme, bevraagteken en vervang moes word.[13)]

Hier moet in gedagte gehou word dat een van die belangrikste oortui= gings wat veral vanaf die Columbia-opstand onder die leiers van die aktiviste gevind is, die oortuiging was dat die universiteit eintlik 'n mikrokosmos van die gedegenereerde en onaanvaarbare samelewing of „Establishment" vorm. Daarvoor het die aktiviste die argument gehad dat die universiteit met baie drade gekoppel is aan die maat= skappy en aan die regering en vanweë die koppeling, veral wat na= vorsing betref, besondig die universiteit hom aan dieselfde oortre= dinge wat die „Establishment" in hulle oë onaanvaarbaar maak. Van= weë hierdie siening is die outoriteit van die universiteit en selfs die legitimiteit van die gesag van die universiteit in twyfel getrek en

13) Skolnick, Jerome H. The politics of protest, The Skolnick Report to the National Commission on the causes and prevention of violence. New York, Ballantine Books, 1969, p. 89.

ondergrawe.

Minder duidelik was by hulle die konsepsie van 'n toekomstige sosiale orde, hoewel hulle hieroor sekere utopiese projeksies gemaak het. SDS het naamlik 'n demokratiese sosialistiese orde vir hulleself ge=visualiseer - 'n orde met wydvertakte partisipasie in alle sake wat die burgers van die samelewing raak. Dit is die sogenaamde „participatory democracy". Hiervolgens sou die groot monolitiese organisasies soos die Federale Regering en reuse korporasies ver=dwyn. Teen sulke organisasies is die beswaar dat hulle in toene=mende mate en op outoritêre wyse hulle kontrole oor mense en bron=ne laat geld. Hulle is ondoeltreffende en onaanvaarbare instellings vir mense om in te werk aangesien hulle die proses van menslike produktiwiteit en kreatiwiteit dehumaniseer.

SDS visualiseer dus 'n idilliese kommunale orde, waar almal vry is om aan hulle kreatiewe impulse in werk, kuns en liefde uitdrukking te gee. Ten opsigte van buitelandse verhoudinge moet die V.S.A. 'n beleid volg van militêre losmaking van al sy verpligtinge, veral van Viëtnam en alle bewapening moet gestaak word.

In die bespreking van hierdie trekke van die SDS kom David Westby en Richard Braungart tot die gevolgtrekking: „Thus, we may say that SDS is socialistic, universalistic, egalitarian, pacifist and com=munal in its utopian conception. . . . SDS look to the post-rationalist thinkers of Europe: Weber, Camus, Sartre, Fanon, Debray and Marcuse. All of these deal in themes of increasing nihilism, destruction of values, technologism and generally the grow=

ing power of irrational forces in modern society ... SDS, then, are socialists of the post-capitalist existentialist type."[14]

'n Skatting van die suksesse van SDS en van die studenteaktiviste in die algemeen sal later nog gemaak word. Op hierdie stadium kan vermeld word dat sekere eksponente van die „New Left" op verskillen= de stadia van die aktiwiteite van die beweging op oorweldigende suk= ses geroem het. So het William J. Parente in September 1968 be= weer dat die eerste rondte in die kontemporêre konfrontasie tussen die studente en die akademie afgesluit is en dat die jeug die oorwin= naars was. Hy meen dat die studente wel geslaag het om spreek= reg en 'n stem te bekom in beslissinge wat die studentelewe raak, veral wat die sogenaamde „in loco parentis"-aangeleenthede betref, soos hulle geëis het. Op daardie tydstip, so was sy mening, het die voorbokke reeds die drumpels van universiteitspresidente sowel as -trustees (rade) betree in 'n poging om die universiteite te bevry van sy politieke verstrikking. Dit sou dan die tweede fase van die kon= frontasie wees. 'n Derde fase sou volledige studentepartisipasie in bepaling van kurrikulums en akademiese aangeleenthede wees.[15]

14) Westby, David and Braungart, Richard. Activists and the history of the future. (In Foster and Long, op. cit., pp. 163 - 165.
Cf. Keniston, Kenneth. Youth and dissent, 1971, p. 271.

15) Parente, William J. A student voice in academic policy. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 243.)

### 4.1.5 Twee teikens

Uit die doelstellings het dit reeds duidelik geword dat die aktivis eintlik twee teikens gehad het. Van die begin af het linkse groepe soos die SNCC en CORE hulle dit ten doel gestel om die Amerikaanse samelewing aan die kaak te stel as inherent korrup en onreformeer=baar behalwe as dit deur radikale omkering verander kan word. Dit was dus die eerste teiken vir die aktivis.

Baie pyle is in die loop van die dekade teen hierdie teiken afgeskiet. Die aktiviste het die gangbare waardes van die kontemporêre same=lewing verwerp en het hulle voorgeneem om op 'n aktiewe wyse te protesteer, te demonstreer en te veg teen die beleidsrigtinge en in=stitusies van die bestaande Amerikaanse samelewing wat, volgens hulle, hul eie etiek en sin vir menslike reg en geregtigheid bedreig. Hoewel hulle heterogeen in hulle ideologieë was, het hulle 'n ver=enigde front rondom 'n gemeenskaplike motief gevorm. Hulle ver=werping van gesag het in 'n gerigte betrokkenheid by siviele wetsoor=treding gekulmineer ondanks die moontlikheid van arrestasies en ver=oordelings. Op so 'n wyse is sosiale strydpunte gedramatiseer, en hulle het die tevredenheid van persoonlike integriteit en outentisiteit daaruit verkry. Die dehumaniserende kragte van die tegnologiese samelewing sowel as sy outoritêrianisme en sentralisme het hulle verwerp en in die plek daarvan het hulle die idee van partisiperende demokrasie gestel.[16)]

16) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 211.

In sy optrede is die aktivis dus 'n politieke optimis deurdat hy glo dat hy deur sy optrede soveel druk sal kan uitoefen of die publieke opinie so sal kan mobiliseer dat hy die „masjien" tot stilstand sal kan bring.

Die tweede teiken van die studenteaktivis is die universiteit self. Die uitgangspunt is dat die samelewing korrup is, maar omdat die instellings vir hoër onderwys in talle opsigte in die tegnologiese sa= melewing geïntegreer is en op talle maniere bydraes tot die ontwik= keling daarvan lewer, is dit ewe-eens korrup. Volgens 'n uitspraak van die 1967 konvensie van die SDS moet die kolleges en universiteite nie maar hervorm word nie, hulle moet gerevolusioneer word.[17)]

John R. Searle is in sy uiters prikkelende en resente boek, „The campus war", 1971, oor hierdie punt baie uitgesproke. Die twee mees opvallende trekke van die radikale beweging, so oordeel hy, is sy anti-intellektualisme en sy vyandskap teen die universiteit as instelling. Dis nie maar 'n ander styl van studentelewe waarmee universiteitsoutoriteite geredelik tot 'n verstandhouding kan kom nie, want dit opponeer teoreties die tradisionele humanistiese opvatting dat kennis in homself iets waardevols is en iets wat die kwaliteit van die menslike lewe kan verbeter. In praktyk opponeer hulle die bestaande organisasie, kurrikulum, beheer en funksies van die moderne universiteit. Verder moet daarop gelet word dat die radi= kaliste die korrupsie veroordeel wat volgens hulle veroorsaak word deurdat die tradisionele universiteitsideaal vervang word deur 'n

17) Horn, Francis A., op. cit., p. 221.

model van 'n universiteit wat alleen 'n diensstasie vir die samelewing is. Tog wil hulle nie terugkeer na die tradisionele ideaal nie, maar die doel van hulle veroordeling en opposisie is dat die universiteit as diensstasie vir die radikale beweging moet dien.[18)]

### 4.1.6 Afname in invloed

Die invloed van die SDS het op 'n stadium toe die uiterste radikalis= me daarin gebotvier het, begin taan. Teen die somer van 1969 het meer as 400 universiteite geweier om hulle kampusse vir vergade= rings van die SDS beskikbaar te stel. Hulle was aangewys op die noodsaaklikheid om buite die kampus vergaderplekke te huur, waar, soos in Chicago die geval was, twisgierige faksies van die SDS me= kaar in oproerige en wanordelike samekomste ontmoet het.[19)]

Alles dui daarop dat daar vanaf die begin van die sewentigerjare 'n afname in die aktiwiteite van die „New Left" gekom het. Hiervoor is daar verskeie redes. In die eerste plek het die inisiërende or= ganisasie, nl. die SDS, in die somer van 1969 uitmekaar gespat en verbrokkel in enkele inkompetente minderheidsgroepe. In die tweede plek skyn dit asof die moorde tydens die studenteopstande by Kent State, by Jackson State en by die universiteit van Wisconsin 'n skok= kende boemerangeffek op die ekstremistiese organisasie self gehad het.

18) Searle, op. cit., p. 49.

19) Hook, Sidney. Academic freedom and academic anarchy. New York, Cowles Book Co., 1970, p. 260.

Baie metodes en aksies is deur die „New Left" in werking gestel: siviele burgerregte-kampanjes, demonstrasies op en buite die kam= pusse, anti-militêre dienspligaksies, politieke guerrilla-metodes en selfs politieke eleksiebedrywighede; maar geeneen was 'n beslissende en suksesvolle hefboom vir radikale verandering aan universiteite en in die samelewing nie. Die kampusse was veel stiller omdat die wind uit die seile van die aktiviste gehaal is, ten minste ten opsigte van verskillende politieke strydvrae, en omdat die administrasie en instan= sies in beheer van kampusse meer ervare en doeltreffend ten opsigte van voorkoming en onderdrukking van studenteonluste kon optree. 'n Laaste rede is nog dat daar weinig nuwe leiers met sterk inisia= tief in die later jare in die geledere van die „New Left" verskyn het.

Die „New Left" het in die loop van ongeveer sewe jaar bewys dat hulle eksperte is om by wyse van revolusionêre uitbarstings verwag= tings van veranderinge op te wek sonder om teoreties-gefundeerde toekomstige beplanning as substituut daar te stel.[20)]

Dit hou in dat hulle wel aksie wou hê sonder die relevante politieke teorie wat effektiewe verandering in die Amerikaanse samelewing kon bewerkstellig.[21)]

20) Wolin, Sheldon S. and Schaar, John H. The Berkeley rebellion and beyond. New York, The New York Review, 1970, p.122.

21) Birnhaum, Norman and Childers, Marjorie. The American student movement. (In Nagel, Julian. Student power. London, Merlin Press, 1969, p.139.)

## 4.2 Getalle

Die vraagstuk van die getal studente wat by studenteonluste en kam= pusonrus betrokke was, is ongetwyfeld een van die moeilikste ten op= sigte van die hele problematiek van studenteaktivisme. Die rede hiervoor is geleë in die groot getal faktore wat by die berekening en evaluering in aanmerking geneem moet word. Daar moet naamlik onderskeid gemaak word tussen verskillende universiteite en kolleges. Almal is nie ewe veel en ewe swaar getref nie. Dit is 'n bekende feit dat die prominente groot staats- sowel as private universiteite die meeste onrus moes verduur terwyl kleiner universiteite en kolle= ges, en veral die denominasionele en uitgesproke Christelike inrig= tings, òf weinig òf glad nie verontrief is nie.

In die tweede plek moet ten opsigte van getalle ook die tye en geleent= hede in aanmerking geneem word. Dit blyk dat die studenteonluste spitstye gedurende die jaar beleef het - gewoonlik wanneer die kli= maat gunstig en die studente vanweë verskeie oorsake die meeste gespanne was. Verder is dit duidelik dat daar van 1964 tot 1970 'n toename was ten opsigte van die omvang van studenteonluste as so= danig en ook van getalle studente wat betrokke was.

In die derde plek is dit besonder opvallend dat sommige strydpunte en griewe wat deur aktiviste op die spits gedryf is veel meer die ge= moedere gaande gemaak het as ander. Dit het ook van tyd tot tyd verskil. Soms was dit sake rakende die kampuslewe, soms sake van nasionale en soms selfs van internasionale belang.

Ten slotte moet onderskei word die verskillende grade van betrokken=

heid. Daar was die volbloed politieke aktiviste, leiers en organi= seerders in die SDS of die „New Left", die radikaliste wat op die voorpunt van die revolusie altyd bereid was tot aksie en daarnaas was daar 'n verskeidenheid van studentegroepe wat òf aktiewe onder= steuners òf meer passiewe simpatiseerders was.

Om al hierdie onderskeidinge in aanmerking te neem en met 'n vol= ledig verantwoorde resultaat vorendag te kom, is 'n bykans onbegon= ne taak. Daar word dus gebruik gemaak van die resultate van 'n aantal betroubare navorsingsprojekte en -opnames wat deur verskeie wetenskaplikes en organisasies gedurende 1964 tot 1970 gemaak is. Dit blyk dat daaruit tog 'n bepaalde beeld van die onderhawige vraag= stuk verkry kan word.

Die aantal universiteite en kolleges wat deur studenteonluste gekon= fronteer is, verteenwoordig verreweg die meeste instellings in die noorde en suide, in die ooste en weste van die land. Dit het in mindere of meerdere mate blanke, nie-blanke en gemende, private en publieke, sekulêre en denominasionele inrigtings geraak.

In 1966 het Peterson nog die skatting gemaak dat die getal georgani= seerde studente wat aktief in studenteproteste betrokke was, minder as 1% van die totale studentebevolking was. Word hierby egter in aanmerking geneem diê studente wat, hoewel hulle geen lede van 'n organisasie was nie, tog ook gepartisipeer het in die proteste, kan 'n veel groter persentasie genoem word. 'n Opname wat op die Berkeley-kampus gemaak is, laat blyk dat 18% van junior en senior studente aan die aksie deelgeneem het.

As mens aktivisme meer beskou as net deelname aan proteste en daaronder ook verstaan rekonstruktiewe gedrag ten opsigte van die status quo, soos bevoorbeeld die poging van studente om ophef=fingswerk te doen onder kinders van ekonomies agterlike buurtes, dan krimp die getal betrokkenes tot 11%. Dit was die geval gedu=rende 1966 op die Berkeley-kampus, volgens navorsing van Block, Haan en Smith.

Ook Katz en Sanford het in daardie tyd opnames gemaak op die kam=pusse van Stanford en Berkeley en tot die konklusie gekom dat die getal van sosiaal betrokke studente by die studenteonluste 15% van die totale studentetal beloop.[22)]

Ooreenkomstig nasionale opnames van studenteopinies in die Harris-stemming van 1965 en die Gallup-stemming van 1968 het ongeveer een-vyfde van die Amerikaanse studente aan burgerregtebetogings en ander politieke aktiwiteite deelgeneem. (17% in 1964-65 en 20% in 1967-68.)

In Mei 1970 het 'n spesiale Harris-stemming, geloods deur die „American Council on Education", (kort na die inval van Amerikaanse troepe in Cambodia en die skokkende studenteopstande in Kent State- en Jackson State-universiteite, waar etlike studente gedood is), laat

22) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 203.
Cf. Peterson, R.E. The scope of organized student protest in 1964-1965. Princeton, N.J. Educational testing service, 1966; Katz, J. and Sanford, N. The turbulant years, Stanford Today, No. 15, 1966, p. 7 - 10.

blyk dat 54% van alle studente die staking van die oorlog in Viëtnam en die terugstuur van Amerikaanse troepe sou verwelkom.

Dieselfde stemming het ook aan die lig gebring dat 76% van die stu= dente geglo het dat basiese veranderinge in die Amerikaanse same= lewing („basic changes in the system") nodig is om die lewensomstan= dighede te verbeter; 44% het gedink dat sosiale vooruitgang in Ame= rika eerder deur radikale druk (van buite die „system") tot stand sal kom as deur aksies van die groter gevestigde instellings. Aan die inrigtings wat proteste en demonstrasies ondervind het, het teen Mei 1970 75% van die studente die doeleindes van die proteste goedge= keur, terwyl 58% fisies gepartisipeer het. Hoewel 68% van die studente nie geweld aanvaar as 'n effektiewe metode om sake te ver= ander nie, was 56% tog gekant teen die stelling dat, aangesien kolle= ges en universiteite bedoel is as plekke van ernstige intellektuele studie, hulle te belangrik vir die samelewing is om voortdurend deur proteste en demonstrasies ontwrig te word. Die Scranton-kommis= sieverslag meen dat hierdie gegewens deur die ondervinding van 'n groep navorsers aan die Universiteit van Californië in September 1970 ondersteun word. Hulle rapport laat blyk dat 'n opname onder hoof= saaklik blanke, middelklas, senior studente aan die lig gebring het dat 80% van die studente konfrontasie billik as 'n metode om die no= dige sosiale verandering te weeg te bring. Onder konfrontasie word dan verstaan enigiets van nie-gewelddadige massademonstrasies tot gewelddadige aksies.

Word daar uitsluitlik gelet op die uitgesproke en radikale aktivistiese element onder die studente in die jare 1968 tot 1970, dan spring

totaal ander syfers in die oog.

In die eerste plek is belangrik dat ons te doen het met 'n betreklik klein persentasie, maar in die tweede plek blyk dat daar gedurende genoemde jare ook 'n groeiende persentasie van sodanige studente was. In 1968 het die Harris-organisasie met 'n landswye opname gevind dat 4% van die Amerikaanse studente hulleself as „radical or far left" geïdentifiseer het terwyl teen 1970 daar 11% was wat hulle= self so beskou het.[23)]

In een van die jongste werke oor die onderhawige problematiek, nl. van Michael W. Miles, „The radical probe; the logic of student rebellion", 1971, word bogenoemde gegewens min of meer bevestig. Miles wys daarop dat in ongunstige omstandighede 'n universiteitsad= ministrasie sal kan staat maak op die onbetwiste ondersteuning van uitsluitlik die konserwatiewe studente wat 15% van die studentetal uitmaak. Om by hierdie syfer uit te kom is sy skatting soos volg: 35% van die studente kan deur die radikale beweging as aktiewe sim= patiseerders gemonster word; 30% ondersteun die radikale doelein= des maar nie die metodes nie; van die oorblywende 35% is onve= veer die helfte gematigdes op wie se ondersteuning die administrasie nie altyd kan reken nie.[24)]

Opsommenderwys stel genoemde kommissierapport dit soos volg:

23) The report of the President's commission on campus unrest, p. 48.

24) Miles, Michael W., op. cit., p. 18.

"In short, the last decade has witnessed growing disenchantment and alienation among many American college students. More than three quarters today believe that 'basic change in the system' are needed; many argue that their earlier efforts to 'work within the system' have prove unsuccessful; a large number minority have adopted violent tactics - without clear repudiation by all their teachers and fellow students. Thus, in countless individual instances what began as an idealistic and hopeful commitment to social change has disintegrated. This is a bleak picture, but an accurate one."[25)]

Prof. Seymour Lipset het in 1968 reeds gekonstateer dat die onder= steuning van die eis tot groter studentegesag en invloed in die univer= siteit 'n toenemende gevoel van gegriefdheid teen die universiteit openbaar. Hy meen dat daar 'n soort studentesindikalisme begin ontstaan het, wat getrag het om vir die studente as groep invloed te laat bekom wat die student individueel verloor het.[26)]

As al die bogenoemde navorsingsresultate en bevindings van verskeie wetenskaplikes in aanmerking geneem word, dan kan daar nog geen afdoende antwoord gegee word op die vraag na getalle nie. Te veel faktore het 'n rol gespeel en daar het van jaar tot jaar te veel varia= sie op die terrein van linkse studentebedrywighede voorgekom.

25) The Report of the President's commission on campus unrest, p. 49.

26) Lipset, Seymour M. American student activism. (In Weaver Gary C. and Weaver, James. H. The university and the revolu= tion. Engelwood Cliffs, N.J., Prentice Hall, 1969, p. 31.)

Nietemin kan twee afleidings met stellige sekerheid gemaak word. In die eerste plek vertoon die grafiek van studenteonrus vanaf 1964 tot 1970, afgesien van sporadiese afplattings, 'n redelik konstante stygende lyn. Word hierby nie alleen die getalle van aktiewe onder=steuners nie, maar ook diê van die swygsame simpatiseerders in aanmerking geneem, sal die lyn nog 'n skerper styging vertoon en selfs groot persentasies van studente verteenwoordig.

In die tweede plek blyk dit dat die werklik radikale aktivistiese ele=ment onder die studente 'n betreklik klein persentasie van die studen=te verteenwoordig het (ongeveer 4% tot 11%) en dat 'n grafiese voor=stelling hiervan ook 'n redelik konstante styging vertoon. Al die lyne op die grafiek het na die somer van 1970 abrup ver na benede gebuig.

'n Dringende vraag wat allerweë gevra word, is waarom die werklik opstandige, revolusionêre element na verhouding so gering gebly het en desnieteenstaande tog so 'n groot invloed uitgeoefen het.

Die eerste faktor wat hier in aanmerking geneem moet word, is dat die „mees geslaagde" studenteonluste op die grootste universiteite plaasgevind het. In 'n gemeenskap van 1 000 studente, kan 5% wat neerkom op 50, nie veel indruk maak nie, maar aan 'n universiteit van 20 000 studente, besit 1 000 wat ook 5% verteenwoordig, 'n ont=settende slaankrag. 27)

27) Cf. Bell, Daniel. Governance of universities in the 1970's. (In Graubard and Ballotti, op. cit., p. 230.)

Die tweede faktor is ongetwyfeld van soveel relevansie dat dit moeilik oorskat kan word. Die massamedia het naamlik studenteaktivisme op so 'n wyse en skaal in die kalklig geplaas dat dit 'n veel omvangry=ker effek gehad het as wat die getalle geregverdig het.[28)]

Daarby het die revolusionêre element self van sulke demonstratiewe en selfs spektakulêre strategie, taktiek en strydpunte gebruik ge=maak, dat dit voortdurend in die oog gespring het. Hierdie feit sal duideliker blyk as die metodes en die strydpunte nader ondersoek word.

## 4.3 Metodes

As ons hier spreek van die strategie en taktiek of die metodes en middele wat die „New Left"-beweging vanaf sy ontstaan gebruik het, dan beteken dit nie dat dit 'n vooraf uitgewerkte, teoreties gefundeer=de en histories beproefde program van aksie was nie. Net soos wat die beweging gekenmerk is deur die verskynsel dat hy homself nooit baie opsigtelik met bepaalde ideologieë, rigtings en persone uit die verlede geïdentifiseer het nie, maar meer met 'n spontaneïteit en 'n originaliteit wat uit elke situasie gebore is te werk gegaan het, so is dit ook die geval met die metodes wat dit aangewend het. By die bestudering van die aktiwiteite van die beweging word dit tog

28) Brauer, Jerald. The student revolution. (In Buechner, Andrew J., ed. The new American revolution. Missouri, The Luther=an Academy for Scholarship, 1968, p. 58.)

duidelik in die eerste plek welke metodes en middele gebruik is en in die tweede plek dat daar gaandeweg 'n verskuiwing gekom het in die aksentuering van 'n aanvanklik nie-gewelddadige strategie tot 'n meer gewelddadige. Of daar, van agter af gesien, tog 'n bepaalde patroon van konfrontasie in die loop van die tyd ontwikkel het, moet in die derde plek ook vasgestel word. Hieroor is daar sterk ver=skil van opinie. Daar is sosioloë wat so ver gaan as om 'n ideaal-tipiese model te konstrueer, 'n model wat verbasend insiggewend is om die optrede van die beweging te verstaan. Ook hiervan sal ons deeglik moet kennis neem.

### 4.3.1 Verskeidenheid van metodes

Die „New Left"-beweging het sy eerste metode van optrede nie aan lede uit sy eie geledere te danke nie. Dit is afkomstig uit die eerste essensieel ontwrigtende en konfrontasionele optrede van enke=le werkers in die suide wat hulle aandrang tot gelykberegtiging met blankes deur die „sit-in"-metode wou demonstreer. In 'n blanke restaurant het 'n paar negerwerkers rustig, sonder provokasie en sonder gebruikmaking van geweld, op die vloer bly sit as gevolg waarvan die besigheid ontwrig is. Later is dit ook in busse, par=ke en ander openbare plekke toegepas. Die styl en stemming, die karakter en wyse waarop die metode toegepas is, het effektief ge=blyk te wees omdat die grootste deel van die liberale Amerikaanse publiek uit die noordelike state die metode as legitiem en met sim=patie aanvaar het. Baie inwoners van die suidelike state, waar segregasie aan die orde van die dag was en allerweë as geregverdig beskou is, het hierdie metodes vanselfsprekend verwerp en dit as

provokatief, gewelddadig en selfs kommunisties bestempel.

Dit was tydens die Berkeley-studenteopstande waar die metode van nie-gewelddadige obstruksie en ontwrigting op 'n universiteitskampus vir die eerste keer op groot skaal toegepas is. Die aktiviste het met 'n grootskaalse „sit-in"-taktiek vorendag gekom. Universiteits=geboue is beset, universiteitsowerhede is verhinder om hulle werk te verrig op so 'n skaal dat die administrasie, volgens eie oordeel, nie anders kon handel nie as om uiteindelik die polisie in te roep.[29] Die reaksie van die administrasie op die ontwrigtingstaktiek was be=slissend vir die verdere ontwikkeling. Te Berkeley was die tussen=koms van die polisie geïnterpreteer as 'n bevestiging van die oor=spronklike aanklag van die opstandiges, nl. dat die universiteit on=regverdig en onderdrukkend was.

Die polisie-optrede het die hele versetbeweging in 'n ander lig te staan laat kom. Waar aanvanklik 'n klein minderheid as demon=streerders opgetree het, het daar nou groot getalle van verontwaar=digde studente en dosente die protesaktiwiteite laat sneeubal. Die gevolg was dat klasse gestaak is en 'n sterk golf van politisering, protestering, diskussie en openbare vergaderings die kampus geken=merk het. Dit het duidelik geword dat baie groter getalle studente teen 'n universiteitsadministrasie wat hulle medestudente vir kampusoor=treding straf of laat vervolg, sou demonstreer, eerder as wat hulle een of ander politieke aksie sou steun. Die faktor van lojaliteit teenoor

29) Lipset, Op. cit., p. 31.

die eie generasie en van spontane meegevoel teenoor „veronregte" klasmaats wat gevange geneem en hardhandig deur die arm van die gereg gehanteer is, het sy kop uitgesteek.[30)]

Hierdie taktiek van „sit-ins" en siviele ongehoorsaamheid het vinnig versprei en is bo verwagting suksesvol toegepas deur studente wat met universiteitsowerhede gebots het. Vanaf Berkeley in 1964 het dit deur Europa en ander dele van die wêreld versprei. Lipset be= weer dat hierdie taktiek wat deur die studente gebruik is, so beson= derlik effektief was omdat daar in meeste kulture sterk norme teen die gebruik van geweld werksaam was. Wat baie sterk geld is die idee van universiteitsoutonomie. wat inhou dat polisie nie op die kampus mag verskyn nie en dat studente nie gearresteer mag word weens wangedrag nie. Pogings om studentedemonstrasies, hoe on= wettig ook al, deur die gebruik van geweld op te breek, het byna son= der uitsondering daartoe gelei dat die meer gematigde lede van die univeristeitsgemeenskap, studente sowel as dosente, die studentepro= testeerders teen die polisie ondersteun het. Hierdeur het 'n radika= liseringsproses meermale plaasgevind wat geheel en al in die guns van die „New Left"-beweging was.[31)]

30) The report of the President's commission, op. cit., p. 26.

31) Lipset, Seymour M. The possible effects of student activism on international politics. (In Lipset, Seymour Martin and Altbach, Philip G., ed. Students in revolt. Boston, Houghton Mifflin Co., 1969, p. 512.) Cf. Glazer, Nathan, op. cit., pp. 113-130; Keniston, Kenneth. Notes on young radicals, op. cit., p. 25; Foster, Julian. Student protest: Aims and strategies. (In Foster and Long, op. cit., pp. 403, 404.)

Studenteaktiviste het die gebruik van die metode van siviele nie-gewelddadige oortreding na ander sektore van meningsverskil uitge=brei en het talle kere in „sit-ins" betrokke geraak met die doel om hulle ontevredenheid met toestande in die samelewing te demonstreer en om sodoende die toestande te verander. Die gewone burgers vind die metode uiters steurend. Dit is uittartend en ontwrigtend vir gevestigde instellings en prosedures. Vandaar dat die studente=aktiviste menige volwassene totaal vervreem het. Vir volwassenes is dit moeilik om in te sien dat studente hulleself opsetlik betrokke laat raak in konfrontasiepolitiek, tot so 'n mate dat hulle arrestasies, moontlike boetes en tronkstraf en hulle toekomstige loopbaan daardeur riskeer.[32] Anders as by die burgerregte-beweging in die suide het die studente se konfrontasiepolitiek, aanvanklik ten minste, nie die simpatie van die publiek opgewek nie, maar hoogstens hulle nuus=kierigheid en soms hulle misnoeë.

In die oë van hulle kritici het die aktiviste nie daarin geslaag om legitieme metodes aan te wend om verandering tot stand te bring nie en daarom het hulle daartoe gekom om siviele en akademiese vry=heid te vertree en die demokratiese proses te bedreig. Die intellek=tuele doeleindes van die akademie is aan die aktiviste se politieke oogmerke ondergeskik gestel. Hulle is ook openlik daarvan beskul=dig dat hulle deur die proses van politisering van die kampus die universiteit wel sal vernietig maar nie hulle eintlike doel sal bereik nie.

32) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 201.

Die aktiviste het van hulle kant hierteenoor aangevoer dat legitieme metodes geen uitwerking meer het nie en dat hulle geen alternatief besit as om tot obstruksietaktiek hul toevlug te neem nie.[33)]

Nog 'n metode wat aangewend is om die beweging impetus te gee op die kampus was die sogenaamde „teach-in"-aksie. Per slot van re=kening was dit massavergaderings waarop die onderwerp van bespre=king altyd een of ander relevante konfrontasiestrydpunt was. Hier=die marathons, wat elemente bevat het van die verskaffing van infor=masie, van opsweping van die massa en in elk geval van 'n uithouver=moëtoets, het aanvanklik gedien om die opposisie teen die Viëtnam-oorlog te dramatiseer. Solank as wat hulle daarvoor te vinde was, is sprekers wat die teenoorgestelde kant van die saak stel as wat die organiseerders verteenwoordig, uitgenooi. Soms was die opposisie=spreker 'n persoon van publieke aansien of selfs die verteenwoordiger van 'n staatsdepartement. Uit die aard van die omstandighede het die uitgenodigde spreker vanaf die staanspoor die rol van 'n aange=klaagde, indien nie 'n booswig nie, voor sy oorwegend radikale ge=hoor vervul.

Waar die „teach-ins" meer die oogmerk van die beïnvloeding en die opsweping van die massa gehad het, het hulle die eenvoudiger maar nie minder effektiewe taktiek van gewone oortuigingswerk ook nie nagelaat nie. Op kampusse dwarsoor die land het reisende agente van die SDS bekende figure geword. Hulle het met die plaaslike

33) Wallerstein and Starr, op. cit. II, p. 2.

lede en ander studente geduldig en baiekeer dwars deur die nag ge=argumenteer. Op so 'n wyse is die werklik ingrypende bekerings=werk gedoen.

Die strategie en taktiek van die protesbeweging het meermale 'n direk=te stormloop van universiteitsowerhede ingehou. Twee basiese me=todes is aangewend. In die eerste plek die strategie van oortuigings=werk. Die studenteaktiviste probeer dan om die denke en gedrag van die wat oor hulle gestel is, te beïnvloed òf deur direkte ontmoe=ting òf deur die gebruikmaking van sterk bondgenote wat pressie kan uitoefen ten opsigte van bepaalde beslissinge. Die tweede strategie is dié van uitoefening van een of ander soort dwang. Hiervolgens stel hulle eise onder dreigemente van allerlei sanksies indien die eise nie toegestaan word nie. Dit is duidelik dat 'n miskenning van outoriteit aan hierdie wyse van optrede ten grondslag lê, en in meeste gevalle het dit ook ten doel om outoriteit te ondergrawe. Uiteraard is hierdie metode op sigself geheel en al onoortuigend. Daarom moet hieragter 'n ander opset gesien word. Wanneer Julian Foster dit bespreek as een van die kenmerkende metodes, dan toon hy aan dat dit eintlik as 'n essensieel teatrale protesstrategie gesien moet word. Daar moet m.a.w. 'n gehoor wees: die administrasie, die medestudente, die dosente, die trustees, die plaaslike gemeenskap, die politieke leiers of selfs die breë publiek. Dit is absoluut nood=saaklik om die beoogde gehoor te bereik as enige effek verwag word. Dit is hier waar die kommunikasiemedia uitstekend te pas kom. Die hulp van joernaliste of televisiefotograwe word ingeroep. Dit skyn, soos sommige wel beweer, dat baie protesteerders 'n element van ekshibisionisme in hulle samestelling het en dat hulle opsetlik

publisiteit vir die doel soek.

Waar die metode van optogte met plakkate, massademonstrasies, ob= struksie en ontwrigting by wyse van „sit-ins" die metode was om een bepaalde strydpunt by almal te laat inslaan sonder enige ware oortui= gingswerk, daar val hierdie bogenoemde metode in 'n totaal ander kategorie. Hierin moet die gehoor deur middel van die krag van argumente oortuig word. Een van die tipiese voorbeelde is hier die suksesvolle SDS-aanvalle op die universiteit ten opsigte van sy deelname aan die „Institute of Defence Analysis". Die sukses kan toegeskryf word aan die noukeurig voorbereide en beredeneerde ge= skrifte wat die organisasie in sy oortuigingswerk gebruik het.[34)]

'n Alternatiewe strategie van die aktivis impliseer 'n diskreditering van die administrasie deur dit voor te stel as onredelik, onverdraag= saam, onbekwaam of baasspelerig. Die protesteerders moet dan in die oë van die toeskouers as die veronregtes bekend staan. Die maklikste wyse om hierdie toestand van sake te skep is om gewoon= weg sekere kampusreëls te oortree. Om enkele voorbeelde uit die praktyk aan te haal: as die administrasie van 'n universiteit politieke aktiwiteite en demonstrasies op 'n sekere area verbied, dan neem die protes die vorm aan van politieke aktiwiteite en demonstrasies op

34) Foster, Julian, op. cit., pp. 408 - 409.
Cf. Kern, Edward. Can it happen here? Life, Vol. 67, No. 16, October, 17, 1969, pp. 70, 71.

presies dáárdie area; as sekere reëls in verband met kleredrag af=gekondig word, dan word presies die teenoorgestelde in die kleredrag geïnkorporeer; as die besoek aan dames in hulle kamers deur mans verbied word, dan word algehele „sleep-ins" georganiseer wat wye publisiteit verkry.

In sulke gevalle moet die administrasie die oortredings oogluikend toelaat of 'n groot aantal oortreders straf. In die eerste geval word die administrasie as swakkelinge aan die kaak gestel, en in die tweede geval word hulle as onverdraagsaam en hard bestempel omdat hulle strawwe oplê op persone wat hulle vir 'n goeie saak op=offer.

Martelaarskap het meer as eens 'n belangrike taktiek in die protes=strategie gevorm, veral as die martelaarskap spektakulêr kan wees en daarby redelik pynloos. Hierdie aspek van martelaarskap het in talle gevalle 'n groot rol gespeel om die simpatie van die gemeen=skap vir die saak van die protesteerders te wek en om vyandskap teen die administrasie te laat akkumuleer. Hierna het die eis vir kwytskelding van alle strawwe, tot gevangenis en skorsing toe, 'n redelike kans om te slaag. Dit word dan mede 'n integrale deel van die protes, en daaraan word wyd en syd publisiteit verleen. Berkeley, Columbia, Colorado, San Francisco State en Wisconsin

vorm hiervan uitstekende voorbeelde.[35)]

#### 4.3.2 Geweld

Dit word allerweë erken dat daar in die optrede van die „New Left"-beweging in die loop van die jare 'n verskuiwing na groter veglustig=heid en geweld gekom het. In die ontwrigtingswerk van studente=onluste teen die einde van die sestigerjare was min van die nie-gewelddadige en vreedsame „sit-ins" van die begin sigbaar. Die stemming en aard, die intensiteit en die fanatisme van die beweging het verander. Aanvanklik was daar 'n gelate en gedweë gewilligheid om strawwe wat uitgespreek is op oortreding van plaaslike wette, te ondergaan; in die laaste tyd egter het die ergste konfrontasie te

35) Foster, Julian, op. cit., pp. 412 - 414. Insiggewend is in dié verband die opruiende artikel van Carl Davidson. Toward institutional resistance. New Left Notes. November 13, 1967. (In Wallerstein en Starr, op. cit. II, pp. 129 - 138.)

Michael Novak beskryf die aspek van gewelddadigheid wat meer as eens deur studenteradikaliste uitgelok is, tekenend soos volg: „The experience of being at the wrong end of the barrel of a gun is the most formidable 'radicalization' tactic that middle-class students in America have yet discovered. Con=sequently those who are already radical constantly try to drive the flexible, resilient, pragmatic American system into crises of naked confrontation, and they try to bring as many other students into the experience of this confrontation as they can. Those who pass through it are never the same afterwards." Novak, Michael. A Theology for radical politics. New York, Herder and Herder, 1969, p. 73.

voorskyn gekom deur 'n kwaai en militante eis tot amnestie deur die beweging. Die indruk kan nie ontwyk word nie dat die radikaliste soms die dramatiese van fisiese geweld verkies het, veral as televi= siekameras dit kan deurgee aan die publiek.

Geweld, verwoesting en selfs dood in enkele gevalle is in die reël veroorsaak deur 'n botsing met die polisie. Meer as eens is die lewens van universiteitspresidente en administrateurs bedreig.

'n Aantal voorbeelde is hier nie onvanpas nie. Die geweld te Berke= ley vroeg in 1969 met studente wat in hulle aanval op nie-stakers van klippe en bomme en brandstigting gebruik gemaak het, was so erg dat daar weinig kritiek gehoor is toe goewerneur Reagan 'n nood= toestand afgekondig het. Polisie is ook te Wisconsin-universiteit ingeroep om die handelsgebou te ontruim, nie sonder aansienlike be= serings aan die kant van studente en polisie nie.

Columbia is 'n ander besondere voorbeeld van geweldpleging en bloed= vergieting.

Te Kent State, Jackson State en die universiteit van Wisconsin, waar vuurwapens gebruik is, het 'n hele aantal sterfgevalle voorgekom.

Die president van San Francisco State-universiteit het na 'n aantal maande van buitengewone druk eenvoudig sy betrekking neergelê en die eerste die beste vliegtuig na Ethiopië geneem.[36)]

36) Foster, Julian, op. cit., pp. 414 - 415.

Hierdie handelwyse van 'n rektor kan enigsins verstaan word as stu= die gemaak word van 'n pamflet onder die opskrif „On Violence" wat gedurende Oktober-November 1968 op die kampus van sy univer= siteit versprei is. Dit kom neer op openlike propaganda van geweld en eindig met die woorde: „Any 'violence' on the part of the striking students must be seen as part and parcel of the struggle to turn the university into an institution that serves the students and the community rather than the corporations."[37)]

Dit is duidelik dat die aktiviste meer en meer ekstremistiese taktiek begin gebruik het en dat hulle vroeëre ingesteldheid en uitgesproke beleid deur toenemende revolusionêre impulse en handelinge vervang is. Die nuwe taktiek van geweld was bedoel om die Amerikaanse volk te skok tot 'n meer radikale perspektief op die Amerikaanse le= wenswyse.

In baie gevalle was die demonstrateurs dus nie tevrede met 'n gema= tigde of 'n pasifistiese reaksie van universiteitsowerhede op hulle aan= vanklike optrede nie. Waar die owerheid 'n taktiek van passiewe weerstand gebied het deur byvoorbeeld die besetters van 'n gebou te laat begaan totdat hulleself moeg word vir hulle dwase optrede, het die aktiviste soms geweld begin gebruik. Wanneer die universiteits= geboue geplunder is, medestudente wat die plakkaatparade sou breek aangerand is, die kampuspolisie met klippe bestook is, en klasse ge= welddadig opgebreek is, kon hulle verwag dat polisie van buite ingeroep

37) Opgeneem in Wallerstein and Starr, op. cit. II, p. 9.

sou word. Dán eers het die demonstrasie in die oë van die aktivis= te die nodige momentum verkry.

Dit ly geen twyfel nie dat gedurende 1969 en veral gedurende 1970 die geweldtaktiek 'n ongekende klimaks bereik het. Weliswaar was dit maar 'n handjievol studente wat tot maatreëls van werklike terro= risme oorgegaan het, en onder hulle was daar ook nog nie-student-terroriste. Van hierdie optrede getuig die presidensiële kommissie= rapport: „Yet despite their small number, those students who have adopted violence as a tactic have caused much destruction and have evoked considerable sympathy from other students. In a few major campus areas - San Francisco Bay Area, Madison, and Cambridge - they have done great damage. At Stanford in April, 1970, bands of 'guerrillas' systematically terrorized the campus over a period of several nights, throwing rocks, breaking windows, and setting fire to buildings. After the August 1970 explosion at the University of Wisconsin, which killed a postdoctoral researcher and did $6 million worth of damage, underground newpapers all over the country glee= fully reported that another blow had been struck against the 'pig nation'. Students at Madison expressed regret at the death of the young researcher - but some refused to condemn the bombing of the Army Mathematics Center which caused it." [38)]

38) The report of the President's commission on campus unrest, op. cit., p. 43.
De Moor wat veral kennis geneem het van studentebewegings in Europa maar tog ook van gemeenskaplike trekke met sodanige

4.3.3 Konfrontasie - doel op sigself

Een van die onverstaanbare, maar nietemin reële en dramatiese kate= gorieë van die konfrontasiepolitiek is die verskynsel dat die konfron= tasie soms 'n doel op sigself geword het. Te San Francisco State College het president Smith verklaar dat nadat tien eise („demands") aan hom gestel is in sy kantoor, die studente onmiddellik aangekon= dig het dat hulle voorneme is om te staak afgesien van die vraag of hy aan die eise sal voldoen of nie.

Iets soortgelyks het ook in Berkeley gebeur toe die administrasie in die lente van 1968 aangekondig het dat daar 'n departement vir et= niese studies in die lewe geroep sou word.

Hierteen het die swart studente beswaar gemaak, aanvanklik onder voorwendsel dat hulle uitsluitlik 'n swart studieprogram ver= lang met uitsluiting van Meksikaanse, Asiatiese en Indiaanse

bewegings in die V.S.A., konstateer in 1970: „Binnen de radicale studentenbeweging speelt de discussie over de geoor= loofdheid van geweld een grote rol. Er is een sterke tendens om geweld als geoorloofd te beschouwen. Immers de gevestig= de orde kenmerkt zich door 'struktureel geweld', haar wetgeving maakt het onmogelijk om met 'legale' methoden een geheel an= dere en betere maatschappy te krijgen. Het geweld van de revolutie wordt daardoor niet alleen onvermijdelijk, maar ook moreel goed." De Moor, R.A. Studentenprotest en Univer= siteit. Rotterdam, Universitaire Pers, 1970. pp. 45, 46. Cf. Keniston, Kenneth, op. cit., p. 26.

aspekte. In Januarie 1969 het die swart studente 'n staking begin waarvan die strydpunt was dat hulle 'n kollege vir etniese studies wil hê. Die staking het met die gebruiklike ontwrigting van klasse, brandstigting en skorsing van sekere leiers gepaard gegaan. Die uiteindelike besluit was om 'n departement vir etniese studies op te rig, wat per slot van rekening presies neergekom het op die oorspronk=like aanbod van die administrasie. Die ontwrigtende optrede van die studente het dus geen doel gedien nie en was sinloos. John R. Searle kom na die vermelding van hierdie voorbeelde tot die gevolg=trekking dat die ritueel van konfrontasie 'n doel op sigself geword het. Vir menigeen het dit 'n begeerlike toestand van sake geword afgesien van die afloop daarvan. Sommige studente beskou konfron=tasie as dramaties, opwindend en betekenisvol. Niks anders aan die moderne universiteit kan so iets oplewer nie, daarom is daar sommige studente wat gretig is om so 'n ervaring mee te maak.[39)]

39) Searle, op. cit., pp. 71 - 73.
David A. Keene vermeld dat te Columbia met die 1968 opstand dieselfde tendens die kop uitgesteek het. Die indruk is selfs geskep dat die eise wat in daardie geval aan die universiteits=owerheid gestel is, geheel-en-al irrelevant is ten opsigte van die eintlike oogmerk van die studente. Toe naamlik aan Mark Rudd, die studenteleier te Columbia, gevra is wat die SDS sou doen indien die administrasie aan al ses hulle eise sou voldoen het, was sy spontane antwoord dat die SDS vanselfsprekend met ses ander eise vorendag sou gekom het.
Cf. Keene, David A. Dissent versus disruption. (In Nicholls, David C., ed., op. cit., p. 79.) Cf. De Moore, op. cit., pp. 44, 45.

Louis J. Halle gaan in sy beoordeling van hierdie aspek van die saak nog verder. Hy beweer dat sommige studenteleiers dit duidelik ge=stel het dat wat hulle werklik beoog, mag vir hulle self is. Op an=der tye het hulle selfs nie ontken dat verwoesting 'n doel op sigself is nie. Dat dit op 'n polisiestaat sou afstuur waarvan hulle Amerika beskuldig het, word nie in ag geneem nie.[40)]

4.3.4 Die paradokstaktiek

Dit is reeds beklemtoon dat die aanwending van uiters gewelddadige en terroristiese maatreëls alleen deur die minderheid en uiterste ekstremiste onder die studente toegepas is. Waar groot getalle stu=dente oor die doel van 'n bepaalde konfrontasie saamgestem het, het daar ingrypende verskil begin ontstaan oor die wyse van optrede, die gebruikmaking van geweld al dan nie. Groot getalle gematigde studente het onder sulke omstandighede hulle opvatting van nie-geweld herbeklemtoon en die voortou geneem in nie-gewelddadige demonstra=sies wat uiteraard veel meer aanhang geniet het en die wind uit die seile van die ekstremiste gehaal het. Dit kan die paradokstaktiek genoem word. As daar dus deur die aktiviste 'n protesdemonstra=sie in vooruitsig gestel is en die gevaar van geweld duik op, het die gematigdes hulle soveel as moontlik laat geld, die demonstrasie help

40) Halle, Louis J. The student drive to destruction. (In Gerberding, William P. and Smith, Duane E., eds. The radical Left; the abuse of discontent. Boston, Mifflin Co., 1970, pp.190, 191.)

beplan, studente-groepleiers benoem om die massa te kontroleer en selfs vervoer- en verblyfreëlings vir die groot getalle wat verwag word, getref. In die reël het sulke demonstrasies dan vreedsaam verloop. Hierdie metode, hoewel daaraan nie baie publisiteit verleen is nie, is in toenemende mate toegepas op baie kampusse.[41)]

4.3.5 Die patroon van konfrontasie

Hoewel talle wetenskaplikes oor die metodes van studenteonluste ge=skryf het, is daar min wat 'n poging aangewend het om in die min of meer ongeorganiseerde en dikwels spontane optrede van studente=aktiviste 'n vaste patroon te onderken. John R. Searle het in De=sember 1968 'n artikel geskryf in The New York Times Magazine, onder die opskrif „A foolproof scenario for student revolts", waarin hy 'n teoretiese patroon of model ontwerp het waarvolgens studente=konfrontasie in die sestigerjare in die reël plaasgevind het. Hoewel hierdie poging tot die ontwerp van 'n patroon baie kritiek uitgelok het, veral van die kant van die radikaliste, het dit tog ook baie pu=blisiteit en selfs instemming gevind. In 1971 het Searle 'n boek die lig laat sien onder die naam van „The campus war" waarin hy sy standpunt breër uitgewerk het. Afgesien van die feit dat sy opset 'n hinderlike indruk van skematisme skep, is dit tog besonder insiggewend en beslis die moeite werd om breedvoerig daaraan aandag

41) The report of the President's commission on campus unrest, p. 41.

te gee.[42]

Searle meen dat die verklarings wat tot dusver vir studente-opstande gegee is, onbevredigend is. Sommige skryf dit toe aan 'n reaksie van vyandskap teen die ouer generasie, andere as die produk van 'n permissiewe familielewe, andere beklemtoon die Viëtnam-oorlog en die rassekrisis, ens. Daar is eenvoudig geen einde aan pogings tot verklaring nie. Hierteen maak hy beswaar omdat daar nie een of enkele „oorsake" aangewys kan word om die komplekse fenomeen te verklaar nie. Verder verskil Searle ook van die metode om en= kele studente aan 'n ondersoek te onderwerp, hoofsaaklik toegespits op psigologiese houdinge en agtergronde en dan tot sekere gevolgtrek= kings te kom ten opsigte van 'n hele kategorie van studente, soos Kenneth Keniston gedoen het in sy „Young radicals". Hy het nie meer as veertien studente ondervra nie en tot 'n ontsaglike hoeveel= heid van konklusies geraak. Searle meen dat Keniston een van die mees opvallende psigologiese tendense van studenteradikaliste oor die hoof gesien het, nl. hulle haat, vyandskap en drang tot geweld. Hy hou hom daarvan oortuig dat studenteonluste nie maar 'n reeks geïsoleerde insidente is nie, maar 'n bevatlike en min of meer afson= derlike sosiale verskynsel. Dit toon iets van die karaktertrek van

42) Searle, John R., op. cit., p. 3. v.
Teen die uiteensetting van Searle het daar ook heftige kritiek gekom. Onmiddellik na die verskyning van sy artikel in The New York Times Magazine, het op 20 Januarie 1969 'n artikel in The Daily Californian verskyn van die hand van Jeff Lustig onder die opskrif: „Not foolproof, but foolish".
Cf. Wallerstein and Starr, op. cit. II, pp. 41 - 50.

die religieuse; nie dat dit enigsins konneksies met die kerk het of in verband met geloof in die bonatuurlike staan nie, maar dit bevat iets van die soeke na die heilige. Vandaar die buitengewone gevoel van saamhorigheid onder die aktiviste en die verbasende mate van idealisme en romantisisme wat hulle aksie soms kenmerk.

'n Verder opvallende faktor in die studenteonrus is die skepping van wat Searle noem, 'n „adversary relationship" en die verwerping van outoriteit. Dis daarom dat die eise van die kant van studenteradi=kaliste nie maar deur owerhede opgelos kan word deur redelike kom=promievoorstelle nie. Pogings tot kompromie is gedoem tot misluk=king eenvoudig omdat enige kompromie van die kant van die „evil enemy" deur die militante studente as moreel onaanvaarbaar en as kapitulasie beskou word.

Om nou te beskryf hoedat studenteopstande werk, het Searle getrag om 'n geïdealiseerde model daar te stel - 'n model wat, hoewel dit nie poog om al die trekke daarvan op te som nie, nietemin die wer=king van die verskeie meganismes wat op 'n verbasende wyse gemeen=skaplik was vir 'n groot aantal van die universiteitsoproere, aan die lig bring. Die model is van toepassing op die klassieke periode van studenteopstande, beginnende by die Berkeley-gebeure in 1964 en eindigende met die Harvard-opstand in die lente van 1969. Tot op laasgenoemde datum was dit hoofsaaklik verskynsels wat op indi=viduele kampusse plaasgevind het. Daarna het dit 'n multi-kampus-karakter aangeneem, veral na die inval in Cambodia in 1970 toe lands=wye studenteoproere ontstaan het.

Daar is nou drie aparte identifiseerbare fases of stadia te onderskei:

Eerste stadium: Die skepping van 'n strydpunt.

Studenteopstande begin gewoonlik rondom een of ander lokale kampus=strydpunt. In Berkeley in 1964 was dit kampusreëls in verband met politieke aktiwiteite; in Columbia in 1968 was dit die bou van 'n gimnasium in 'n bepaalde lokaliteit en die universiteit se verhouding tot die „Institute for Defence Analysis"; in Harvard in 1969 die teen=woordigheid van ROTC („Reserve Officer Training Corps") op die kampus; in San Francisco State College die eis om 'n „black studies"-program daar te stel, ens. 'n Verskeidenheid van strydpunte dus sonder enige gemeenskaplike trek en sonder enige van die tradisione=le studentegriewe in verband met onderwys, voedsel, of inwonings=behoeftes kan dus onderskei word. En tog is daar sekere struktu=rele trekke wat die gemeenskaplike van die verskeie strydpunte ken=merk.

In die eerste plek bevat elke strydpunt 'n eis wat 'n direkte uitdaging van die universiteitsadministrasie is en wat die universiteitsadminis=trasie nie kan toestaan sonder groot prysgawe van sy outoriteit of prestige nie. Te Berkeley in die „Free speech movement"-krisis het die administrasie pas nuwe politieke reëls vir die kampus afge=kondig. Hoe kon hulle toegee aan die eerste teëstand? In Colum=bia het die administrasie die gimnasium jare lank reeds beplan. Hoe kon hulle die integriteit van hulle besluite opoffer om net maar toe te gee aan 'n militante minderheid? Om nog 'n voorbeeld te noem: In die „People's park"-krisis te Berkeley in 1969 het lokale Hippies

en radikaliste geëis dat die kanselier, Heyns, universiteitseiendom aan hulle moet oorhandig, iets waartoe hy nie die bevoegdheid gehad het nie. Die eerste trek van die strydpunt is dus dat owerhede eintlik nie moet kan toegee aan die eise nie. Sodra daar toegegee word, moet die radikale leiers 'n ander strydpunt soek.

'n Tweede gemeenskaplike trek van die verskillende strydpunte is dat dit in verband gebring word met een of ander strydpunt buite die kampus wat die studente diep raak. Searle noem hierdie stryd= punte „sacred topics" waarvan die belangrikste die rassevraagstuk en die oorlog in Viëtnam is. Dié kombinasie van faktore is beslis= send vir die verdere ontwikkeling van die opstand. Deur die aan= dag te fokus op sulke onderwerpe soos genoem kan kompetente radi= kale studenteleiers daarin slaag om diep gevoelens en aspirasies los te wikkel en kan hulle daarvan brandpunte van ontsaglike botsings maak.

Radikale studentegedrag in hierdie eerste stadium is altyd daarop ge= mik om die teenstellende verhouding („adversary relationship") tot die outoriteite te vergroot. Die radikaliste kom nie met 'n ver= soek of suggestie of voorstel tot die outoriteite nie, maar met 'n eis. Dikwels hou die eise 'n reeks van goedkeurings van oortre= dings in. In elk geval is die eise nie bedoel om koöperasie te be= werkstellig nie of om 'n gees van versoening en kompromie te be= vorder nie, maar dit verraai eerder 'n gevoel van vyandskap en wek dit ook op. Die eerste stadium eindig dan as die administra= sie die eise weier, die demonstrateurs waarsku en dissiplinêr teen sekere leiers vir oortreding van reëls optree.

Tweede stadium: Die skepping van retoriese klimaat

In die tweede stadium word die oorspronklike strydpunt op so 'n wyse omskep dat die struktuur van die universiteitsgesag self die teiken word. Hiervoor word 'n sekere metode aangewend. Die feit dat die universiteit die oorspronklike eise verwerp het en die feit dat dit dissiplinêr teenoor die ootreders opgetree het, word beskou as afdoende bewys dat die universiteit die werklike vyand is van die waarheid en geregtigheid wat die „sacred topic" verteenwoordig. Veronderstel byvoorbeeld dat die oorspronklike eis in die eerste sta= dium gelui het dat ROTC van die kampus verwyder moes word of dat die universiteit sy navorsingskontrakte met die Federale rege= ring moes beëindig, dan is die feit dat die universiteit hierdie eise verwerp 'n bewys dat die administrasie 'n werklike deel van die militêr-industriële kompleks vorm, en dat dit daarom in belang van die oorlog werksaam is. Verder is die feit dat die universiteit 'n student gestraf het as gevolg van oortreding van reëls met die stel van bogenoemde eise, genoegsame bewys dat die universiteitsadmi= nistrasie meningsverskil onderdruk in sy poging om militarisme, die oorlog en die waardes van die „Establishment" in die algemeen te ondersteun. Die mees treffende taktiese uitvindsel van die stu= denteaktiviste is die ombuiging van studente se opgesweepte gevoe= lens en aspirasies oor nasionale en internasionale vraagstukke na vyandskap teen universiteite en universiteitsowerhede. Die oor= spronklike strydpunt word op die wyse meer persoonlik en meer relevant vir hulle lewe as studente. Die oorlog in Viëtnam is ver verwyder en rassisme is 'n abstrakte en vae teiken, maar die kan= toor van die dekaan is hier op die kampus.

In die tweede stadium word toesprake, pamflette, vergaderings, op= togte en artikels in studentenuusblaaie gebruik om 'n bepaalde re= toriese klimaat te skep sodat klagte, wat andersins as ongerymd sou verbysweef, momentum en aanvaarbaarheid kan verkry. In hierdie stadium word ernstige pogings aangewend om die vertroue in die ou= toriteite te ondermyn deur 'n kombinasie van wilde beskuldigings en selfs uitdrukkings van minagting. Hier kan verwys word na die beledigings wat Grayson Kirk, die president van Columbia, in 1968 moes verduur van Mark Rudd en ander SDS-leiers.

In die tweede stadium is daar nog twee nuwe elemente wat op die toneel verskyn, nl. dosente en televisiefotograwe. Wat dosente be= tref, is daar gewoonlik enkeles wat die aktiviste in hulle strydpunte steun. Min dosente sal metodes van wetsoortreding of geweld on= dersteun maar wanneer die doelstellings van die radikale beweging openlik onderskryf word, is dit 'n geweldige stimulus vir die demon= strateurs. Dit gee aan hulle 'n gevoel van sekuriteit en herbeves= tiging van die reg van hulle saak.

'n Tweede groep dosente probeer tussenbei kom as bemiddellaars. 'n Aantal senior professore van liberale oortuigings wat werklik be= kommerd is oor die welsyn van die universiteit en 'n ontploffing vrees, probeer gewoonlik om een of ander kompromie tussen die aktiviste en die administrasie te bewerkstellig. Hierdie pogings is gewoonlik noodlottig, eenvoudig omdat die militante studente nie in onderhandelings en kompromieë belangstel nie, en die adminis= trasie dus moet toegee, wat neerkom op ondermyning van sy outori= teit.

Ten opsigte van die aandeel van die televisie is dit duidelik dat dit gewoonlik drie identifiseerbare effekte het: dit help om die leier van die beweging te kies, dit beklee die gebeurtenis met 'n soort van belangrikheid en maak die verskynsel na buite bekend. Wat die leier betref, het ons reeds vroeër daarop gewys dat hy gewoon= lik nie deur die organisasie op die konvensionele wyse verkies word nie, maar dat hy spontaan te voorskyn kom, gewoonlik as 'n entoe= siastiese spreker. In hierdie proses neem die televisiekameras 'n groot aandeel om 'n aanvaarbare persoon in die kalklig te plaas. Die treffendste voorbeelde in dié verband is Mario Savio in Berke= ley, Daniel Cohn-Bendit in Parys en Mark Rudd in Columbia.

Dit is ook geen onbekende verskynsel nie dat die aktiviste, voordat hulle begin met demonstrasies en oortreding van universiteitsreëls, die televisiepersoneel in kennis stel sodat hulle byderhand kan wees as die konfrontasie plaasvind.

Die wyd verspreide televisiepublisiteit en die wyse waarop die tele= visie die studentedemonstrasies as't ware opgehemel het, was on= getwyfeld een van die belangrikste faktore om die verskynsel op na= sionale en internasionale vlak bekend te stel en te versprei.

## Die derde stadium: Die ineenstorting van outoriteit

Aan die begin van die derde stadium is die toestand op die kampus ontplofbaar. Daar is dan gewoonlik 'n grootskaalse onwettige de= monstrasie teen die universiteit op grond van die strydpunt van die eerste stadium, soos omgeskep deur die retoriese momentum van

die tweede stadium. 'n Gebou word miskien vir dae lank beset, eiendomme word beskadig, klaskamers en biblioteke word ontwrig sodat universiteitsowerhede dreig om die polisie in te roep of dit werklik ook doen. Die eerste karaktertrek van die derde stadium is dan 'n enorme en groeiende gevoel van afkeer teen die inroep van die polisie. Die inbring van honderde polisie op die kampus word beskou as die uiterste misdaad wat 'n universiteitsadministra=sie kan pleeg. Die gevolg is dat groot getalle dosente met die veronregte studente simpatiseer. Daar word openlik standpunt in=geneem teen die administrasie. Deur die studenteaktiviste wat van die begin af vir hulle saak gestry het, word dit aangevoel as 'n ineenstorting van outoriteit, 'n gevoel dat hulle op die punt staan om 'n geheel nuwe universiteit te bou. Die gevoel van opwinding, entoesiasme en seëpraal versprei dan deur die groot massa van stu=dente.

Die Cox Kommissie-rapport oor die „Crisis at Columbia" beskryf hierdie moment soos volg: „At Columbia more than a few students saw the barricading of the buildings in April as the moment when they began meaningful lives. They liberated buildings and flew the Red Flag. Men and women shared alike without restraint. The marriage ceremony performed in a liberated building by a chaplain attached to the university symbolized the glorious moments of truth ... The mixture of political and social romanticism varied widely from individual to individual. Many took part without political

motivation."[43]

Die inroep van die polisie in groot getalle op die kampus dien, soos geen ander enkele faktor nie, tot die ondermyning van die outoriteit van die administrasie wat verantwoordelik gehou word vir die aanwesigheid van die polisie, sowel as vir hulle optrede. Die ware ineenstorting van outoriteit kom dus te voorskyn reeds wanneer outoriteit op die ruuste wyse uitgeoefen word in die vorm van groot getalle polisie in uniform op die kampus om honderde studentedemonstreerders te arresteer. Searle is van oordeel dat, in die V.S.A. ten minste, die fisiese verskyning van die polisie reeds so 'n vreemde wyse van optrede in 'n akademiese atmosfeer is, dat dit 'n gevoel van afsku by die meeste dosente opwek. As polisiebrutaliteit ook nog tydens die arres plaasvind, iets wat deur uittarting soms aangemoedig word, word die toneel van 'n akademiese gemeenskap die gruwelikste wat kan plaasvind, en dien dit ongetwyfeld om die reeds hopelose en noodlottige situasie te vererger. As daar wel nog vroeër opposi= sie teen die beweging aan die kant van gematigde studente was, ver= krummel dit geheel en al. Dit was die geval in die groot Harvard-demonstrasies in 1969. Polisie-tussenkoms en optrede laat dus in die reël alle opposisie verstom. Daar kan dan gereken word op totale ondersteuning van 'n studentestaking en dit het dikwels ge= eindig in die algehele sluiting van die kampus. Die oorspronklike eise van stadium een en twee het meestal in die vergetelheid verdwyn

43) Cox commission report. Crisis at Columbia. New York, Random House, 1968, p. 9, aangehaal deur Searle, John R., op. cit., pp. 29, 30.

terwyl 'n goed uitgewerkte nuwe reeks van eise te voorskyn kom.

Die laaste fase in stadium drie beskou Searle as die vergadering van dosente („the faculty meeting"). Die teenwoordigheid en aktiwiteite van die polisie veroorsaak 'n vakuum van outoriteit op die kampus wat gevul word deur die senaat (gesamentlike fakulteitsvergadering). Met ongekende emosie en selfs passie, waarin onderlinge vyandskap=pe hoogty vier, kom die vergadering gewoonlik tot 'n regverdiging van die eise van die aktiviste. En daarmee word kant gekies vir die studente teen die administrasie. Met die verkiesing van verskil=lende kommissies om die hele verloop van sake te ondersoek en om 'n program van reformasie vir die universiteit op te stel, is die siklus kompleet, en die koerante rapporteer: „The university will never be the same again."[44)]

## 4.4 Deelnemende demokrasie

Die belangrikste antwoord wat die „New Left" gegee het op die pro=bleem van institusionalisering van die samelewing, asook op die pro=bleem van absolute gesag waarteen hulle so sterk gekant is, is die idee van deelnemende demokrasie. Hierdie idee het steeds sterker na vore gekom en 'n steeds duideliker patroon aangeneem.

Die optrede van die „New Left" is gewoonlik gekenmerk deur die feit dat daar nie gebruik gemaak is van 'n duidelike omskrewe program nie. Dit is hieraan toe te skryf dat die idee van deelnemende demokrasie

44) Ibid., pp. 31 - 35.

in die geledere van die „New Left" tot 'n groot mate net 'n idee gebly het en nie met 'n ontwerp vir die verwerkliking van die idee gepaard gegaan het nie. Die Port Huron-Manifesto het reeds iets daarvan bevat: „As a social system we seek the establishment of a democracy of individual share in those social decisions determining the quality and direction of his life; that society be organized to encourage independence in men and provide the media for their common participation."[45] Uit hierdie verklaring is dit duidelik dat die bedoeling van die filosofie neerkom op 'n deelname van alle belanghebbendes in die neem van besluite. Alleen dan is die bestaan van enige instelling legitiem as alle belanghebbendes geleentheid gegee word vir vrywillige deelname in die kontrole daarvan.

Studente het vir hulleself die reg opgeëis om medeseggenskap te verkry in al die vertakkinge van die universiteit, waarvan hulle hulleself 'n intrinsieke komponent geag het. Hand aan hand met hierdie eis van medebeheer het gegaan die eis om die afskaffing van die sogenaamde „in loco parentis". Die student van die post-moderne jeuggenerasie het dit as absurd gaan beskou dat die universiteit enige toesig hoegenaamd oor hom moet uitoefen ten opsigte van sy privaat en sosiale lewe. Allerlei regulasies wat sy lewe beheer, is deur hom meer en meer verafsku en selfs opsetlik oortree. In die plek daarvan wou hyself deel uitmaak van die beherende liggame wat oor

45) SDS. Port Huron statement, New York, Student department of the league for industrial democracy, 1964, p. 4.

sy doen en late beslis.[46)]

Robert Paul Wolff beskryf die idee van deelnemende demokrasie op besonder adekwate wyse soos volg: „As interpreted in particular situations, the principle goes far beyond the purely formal participa= tion of periodic elections, and even beyond the continuous participation offered by interest-group-pressure-group politics. Participatory democracy is a call for a revitalization of the ideal of direct participa= tion. Characteristically it emphasizes decentralization of decision making, community control, local initiative, and a willingness to substitute ad hoc procedures of maximum responsiveness for the rigid patterns of traditional politics."[47)]

Te midde van veel diskussie oor die toepassing van genoemde beginsel is dit alleen op die terrein van een enkele instelling waar daar erns mee gemaak is, nl. die universiteit. Tot aan die begin van die ses= tigerjare was daar geen sprake van studentedeelname aan beheer van die verskillende afdelings van die universiteit nie. Die dosente in verskillende hoedanighede, die administrasie, die trustees of die raad

46) Cf. Lipset, op. cit., pp. 17, 18;
Boulding, Kenneth, ed. Fundamental considerations. (In Nichols, David C., ed., op. cit., p. 11.);
Padgett, op. cit., p. 31;
Weaver and Weaver, op. cit., pp. 27, 28;
Mayhew, Lewis B. Arrogance on campus. San Francisco, Jossey-Bass Inc., 1970, pp. 21, 22.

47) Wolff, Robert Paul. The ideal of the university. Boston, Beacon Press, 1969, p. 123.

en die president van die universiteit het elkeen bepaalde verantwoor= delikhede gedra en op grond daarvan sekere aspekte van die regering van die universiteit uitgeoefen. Van plek tot plek het die wyse en die mate van beheer wat elke instansie uitgeoefen het, verskil. Op die klein, plattelandse kollege het dit totaal verskil van die „multi= versiteit" met sy ingewikkelde en talle substrukture. In elk geval het die studente in die uitoefening van beheer geen noemenswaardige rol gespeel nie.

As gevolg van die kampusonrus en die talle eise van studente het in hierdie patroon 'n verandering gekom. Op grond van talle studies oor universiteitshervorming is pogings in die werk gestel om aan die eise van studente gehoor te gee. Op talle plekke en op talle maniere is studente betrek by komitees of rade aan die universiteit wat op een of ander wyse met die formulering en neem van besluite te doen ge= had het. In Julie 1969 het Kenneth G. Gehret in die „Christian Science Monitor" verwys na 'n Gallup-opname wat bevind het dat 85% van alle studente en 75% van alle studentedekane aan universiteite ge= stem het vir die deelname van studente aan die neem van besluite. Dit is daarom nie bevreemdend nie om te vind dat talle studente op menige kampus by die beleidbepalende proses of in adviserende hoe= danigheid op verskillende vlakke betrokke is. Studente het sitting ontvang op die fakulteite (senaat) van universiteite soos Columbia, New York Stad, Rutgers, Berkeley en andere. Op veel meer uni= versiteite is studente by 'n verskeidenheid van fakulteitskomitees be= trek en verteenwoordiging van studente op universiteitsrade het ook selfs voorgekom.

Dit is vanselfsprekend dat studente langs hierdie weg nie alleen seg= genskap bekom het ten opsigte van sake waarby hulle direk betrokke is, soos leergange, behuising en regulasies vir die studentelewe nie, maar ook ten opsigte van talle akademiese sake waaronder toekenning van grade en selfs benoeming en bevordering van personeellede.

Die vraag waar die oorsprong van die filosofie van deelnemende de= mokrasie gesoek moet word, het meermale ontstaan. Hoewel som= mige dit herlei tot die inherente aard van demokrasie self, is dit klaarblyklik nie die geval nie. Nathan Glazer meen dat die konsep afkomstig is van die „Paris Commune in which, according to Marx's account, the people, permanently politicized, permanently in arms, met every day to settle their fate."[48] Ook Robert Paul Wolff be= skou dit as 'n vulgêre Marxistiese kettery met ongeveer die volgende redenasie: die universiteit in 'n kapitalistiese samelewing is 'n kor= porasie wat gedryf word deur administrateurs, trustees en fakulteite in belang van die institusie self en van die kapitaliste, waarvan baie in administratiewe posisies gevind word. Die studente daarteenoor is 'n geëksploiteerde, vertrapte proletariaat wat deur hulle base ge= manipuleer en mishandel word. Vrywording sal intree deur solida= riteit, organisasie en die permanente omverwerping van die magstruk= tuur van die universiteit.[49]

48) Glazer, op. cit., p. 182.

49) Wolff, op. cit., p. 41.

Wat ook al die oorsprong van die idee mag wees, die eis van die studente kom neer op groter invloed en outoriteit in al die sfere van die universiteit.